Konfirmasie 2

Lestitel: Hoop

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig

Liewe Ouer

Welkom by die les **“Hoop”**

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is: • Bybel • Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is • Kind se werkboek, potlode, kryte, ens. • Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is • Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) **Nota**: 2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdiens, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou. 2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie. 2.3: Die les is vir ‘n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)). 2.4: Kontak gerus u Konfirmasieonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.

Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. **Voorbeeld**: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek (Ek wil ook ...)
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.

Die Les

Lestitel	Hoop
Bybelwoord	• 1 Petrus 1: 3 • Romeine 5: 2 - 5 • 1 Thessalonicense 5: 24 • Hebreërs 6: 18 • Hebreërs 10: 35 en 37 • 1 Johannes 3: 2 - 3 • Titus 1: 2 • Titus 2: 13
Lesdoelwit	Ons les leer ons vandag dat ons deur hoop moet streef om meer en meer soos Jesus Christus te word, sodat die vrug van die Heilige Gees in ons duidelik sigbaar word. Hoop is 'n groot krag in alle omstandighede.

Lesopsomming:

Hoe gereeld sê ons “hopelik” of “ek hoop so” in ons daaglikse lewe?
Daar is baie menslike hoop wat verander na gelang van ouderdom of situasie.
Elke mens het hoop. Dikwels hoop mense op hul daaglikse brood; persoonlike welstand; 'n verbetering van hul omstandighede deur ontwikkeling en vooruitgang; vrede om weer herstel te word in oorloggeteisterde gebiede, en die beskerming van die omgewing.
As konfirmante is ons hoop ook op groter, belangriker dinge, soos die slaag van 'n eksamen, die vind van 'n goeie vakleerlingposisie of werk of selfs 'n kêrel of vriendin. Dit is slegs enkele voorbeelde van waarop mense hoop, en nog vele meer kan bygevoeg word.

Alhoewel dit gunstig sou wees as sulke hoop bewaarheid word, moet ons besef dat die baie daarvan nie vervul sal word nie. Ons moet ons dus afvra of ons hoop realisties is.
Om dit te toets, stel aan jouself 'n paar vrae soos:
• Is my hoop slegs gebaseer op onrealistiese begeertes?
• Het ek dit nodig waarvoor ek wens?
• Maak dit my gelukkig?
• Wat sal ek wen as my hoop verwesenlik word?
Daar is ook hoop wat gegrond is op goddelike beloftes.
Dit sluit die hoop in vir:
• God se hulp in ons lewe;
• die verwagte wederkoms van Jesus Christus;
• aanvaar te word met die wederkoms van Christus;
• die ervaring van God se heerlikheid.
As kinders van God plaas ons al ons hoop op God met betrekking tot ons natuurlike en geestelike bekommernisse.
God het al sy vorige beloftes nagekom. Om hierdie rede het ons ook 'n realistiese, lewende hoop dat Hy binnekort die belofte van die wederkoms van Jesus Christus sal nakom

Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

Hierdie les het ons geleer dat:
• Daar is baie menslike hoop wat verander afhangende van ouderdom of situasie.
• Alhoewel die vervulling van sulke hoop gunstig sou wees, sal die baie daarvan nie vervul word nie. Ons moet realisties wees in dit waarop ons hoop.
• Daar is ook hoop wat gegrond is op goddelike beloftes, byvoorbeeld die wederkoms van Jesus Christus.
• Ons is vol vertroue dat hierdie hoop vervul sal word, omdat God al sy vorige beloftes nagekom het.
• As kinders van God plaas ons al ons hoop op God met betrekking tot ons natuurlike en geestelike bekommernisse.

Sommige vrae wat ons kan vra:

1. Noem die eerste drie deugdes van Christus wat gedurende die laaste drie lesse gedek is?

***Antwoord**: Geloof, liefde en hoop*

2. Waar of onwaar? Hoop is 'n groot krag in alle omstandighede?

***Antwoord**: Waar*

3. Sal al ons menslike hoop vervul word?

***Antwoord**: Nee*

4. Waarop is my geestelike hoop gebaseer?

***Antwoord**: My hoop is gebaseer op goddelike beloftes*

5. Waarom moet ons hoop gegrond wees op goddelike beloftes?

***Antwoord**: God het al sy vorige beloftes nagekom*

6. Wat sal die resultaat wees as ons ons hoop op God plaas?

***Antwoord**: Hierdie hoop wek groot vreugde in ons harte*

Bykomende opmerkings Beste ouers

1. As deel van huiswerk moet u kind ook die **konfirmasie-eed** oefen en uit sy/haar kop leer.

Die bewoording is soos volg:

'Ek verwerp Satan en al sy werk en weë en gee myself oor aan U, O drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, in geloof, gehoorsaamheid en met die ernstige voorneme om aan U getrou te bly tot aan my einde. Amen."

'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Almagtige God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om U wil te doen

Sodat ons nader aan U kan groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet

Amen

Notas